

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c

Thursday 4 October 1979

WINDHOEK

Donderdag 4 Oktober 1979

No. 4028

## Government Notice

## Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

**N. J. DAVIN**  
*Secretary of the National Assembly  
of South West Africa*

**N. J. DAVIN**  
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering  
van Suidwes-Afrika*

Windhoek

Windhoek

No. AG. 95

4 October 1979

No. AG. 95

4 Oktober 1979

### PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

### AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 12 of 1979 National Welfare Amendment Act, 1979

No. 12 van 1979

Wysigingswet op Nasionale Wel-syn, 1979

**Act No. 12, 1979 NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979**

*(Afrikaans text signed by the Administrator-General on  
24 September 1979)*

**ACT**

**To amend the National Welfare Act, 1965, so as to establish a National Welfare Board of South West Africa; and to provide for the establishment of welfare committees, and for incidental matters.**

**BE IT ENACTED** by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 79 of 1965, as amended by section 1 of Act 13 of 1971.

1. Section 1 of the National Welfare Act, 1965 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended —

(a) by the substitution for the definition of “board” of the following definition:

“‘board’ means the National Welfare Board of South West Africa established by section 2;”;

(b) by the substitution for the definition of “chief social welfare officer” of the following definition:

“‘chief social welfare officer’ means the officer in charge of the regional office of the Department of Social Welfare and Pensions in the territory, or any person acting in his stead;”;

(c) by the substitution for the definition of “local authority” of the following definition:

“‘local authority’ means any council of a municipality or a village management board, or the Peri-Urban Development Board established by section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);”;

(d) by the deletion of the definition of “Minister”;

(e) by the deletion of the definition of “regional welfare board”;

(f) by the insertion in the definition of “registrar” after the word “Board” of the words “of South West Africa”;

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979** Wet No. 12, 1979

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 24 September 1979)*

**WET**

**Tot wysiging van die Nasionale Welsynswet, 1965, ten einde 'n Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika in te stel; en om voorsiening te maak vir die instelling van welsynskomitees, en vir bykomstige aangeleenthede.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Nasionale Welsynswet, 1965 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 1 van Wet 79 van 1965, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 13 van 1971.

(a) deur die omskrywing van “hoofvolkswelsynbeampte” deur die volgende omskrywing te vervang:

“‘hoofvolkswelsynbeampte’ die beampte wat aan die hoof staan van die streekkantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in die gebied of iemand wat namens hom optree;”;

(b) deur die omskrywing van “Minister” te skrap;

(c) deur die omskrywing van “plaaslike bestuur” deur die volgende omskrywing te vervang:

“‘plaaslike bestuur’ ’n raad van ’n munisipaliteit of ’n dorpsbestuur of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, ingestel by artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);”;

(d) deur die omskrywing van “raad” deur die volgende omskrywing te vervang:

“‘raad’ die Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika by artikel 2 ingestel;”;

(e) deur in die omskrywing van “registrateur” na die woord “Welsynsraad” die woorde “van Suidwes-Afrika” in te voeg;

(f) deur die omskrywing van “streekwelsynsraad” te skrap;

## Act No. 12, 1979 NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979

- (g) by the insertion after the definition of "war fund" of the following definition:

"'welfare committee' means any welfare committee established under section 10;"; and

- (h) by the deletion in the definition of "welfare organization" of the words "Industrial Conciliation Act, 1956 (Act No. 28 of 1956), or the".

Substitution of section 2 of Act 79 of 1965.

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

Establishment of National Welfare Board of South West Africa.

2. (1) There is hereby established a board to be known as the National Welfare Board of South West Africa, which shall exercise such powers as may be conferred, and perform such functions as may be imposed, upon it by or under this Act.

(2) The board shall consist of the following members to be appointed by the Administrator-General, namely —

- (a) one member from every welfare committee;
- (b) one member who shall be a professional officer of the Department of Social Welfare and Pensions; and
- (c) five other members.

(3) One of the members of the board shall be designated by the Administrator-General as the chairman of the board and one of such members shall be elected as deputy chairman by the board."

Amendment of section 4 of Act 79 of 1965.

3. Section 4 of the principal Act is hereby amended —

- (a) by the substitution in paragraph (c) of subsection (1) for the words "regional welfare boards" of the words "welfare committees"; and
- (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

" (3) The board may in its discretion, and shall if the Administrator-General so directs, and on such conditions and subject to such limitations as it may deem fit, or as may, in the case of a delegation in pursuance of a direction by the Administrator-General, be determined by him, delegate any of its functions —

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**      **Wet No. 12, 1979**

(g) deur na die omskrywing van “voorgeskryf” die volgende omskrywing in te voeg:

“‘welsynskomitee’ ’n welsynskomitee kragtens artikel 10 ingestel;” en

(h) deur in die omskrywing van “welsynsorganisasie” die woorde “Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet No. 28 van 1956), of die” te skrap.

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 2 van Wet 79 van 1965.

“Instelling van Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika.

2. (1) Daar word hierby ’n raad ingestel wat die Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika heet en wat die bevoegdhede uitoefen aan hom verleen, en die werksaamhede verrig aan hom opgedra, by of ingevolge hierdie Wet.

(2) Die raad bestaan uit die volgende lede, wat deur die Administrateur-generaal aangestel word, te wete —

(a) een lid uit elke welsynskomitee;

(b) een lid wat ’n vakkundige beampte van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene moet wees; en

(c) vyf ander lede.

(3) Een van die lede word deur die Administrateur-generaal as voorsitter van die raad aangewys en een van daardie lede word deur die raad as adjunk-voorsitter gekies.”

3. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 4 van Wet 79 van 1965.

(a) deur in paragraaf (c) van subartikel (1) die woord “streekwelsynsrade” deur die woord “welsynskomitees” te vervang; en

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“ (3) Die raad kan na goeddunke, en moet, indien die Administrateur-generaal dit gelas, en op die voorwaardes en onderworpe aan die beperkings wat die raad goedvind, of wat in die geval van ’n delegering ingevolge die Administrateur-generaal se lasgewing, deur die Administrateur-generaal bepaal word, van sy werksaamhede delegeer —

## Act No. 12, 1979 NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979

(a) to any welfare committee; and

(b) in the case of functions relating to any matter in respect of which a commission has been established, to that commission,

and may at any time withdraw or amend any such delegation as it may deem fit: Provided that no delegation made on the direction of the Administrator-General shall be withdrawn or amended except with the approval of the Administrator-General."

Amendment of section 5 of Act 79 of 1965.

4. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

" (2) Every report furnished to the Administrator-General under this section shall be laid upon the table in the National Assembly of South West Africa as soon as possible after receipt thereof."

Amendment of section 6 of Act 79 of 1965.

5. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (1) after the word "Board" of the words "of South West Africa".

Amendment of section 7 of Act 79 of 1965.

6. Section 7 of the principal Act is hereby amended —

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) The Administrator-General shall appoint —

(a) a welfare organizations commission; and

(b) a social welfare commission,

and such other commissions as he may deem fit to perform the functions assigned to a commission under this Act."

(b) by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

" (b) Of the ordinary members —

(i) at least one shall be a member of the board;

(ii) at least three shall be persons registered under section 33 of whom at least two shall be persons engaged in social work."; and

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**      **Wet No. 12, 1979**

- (a) aan 'n welsynskomitee; en
- (b) in die geval van werksaamhede met betrekking tot 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n kommissie ingestel is, aan beoelde kommissie,

en kan so 'n delegering te eniger tyd intrek of wysig soos hy goedvind: Met dien verstande dat geen delegering wat op lasgewing van die Administrateur-generaal gemaak is, sonder die toestemming van die Administrateur-generaal ingetrek of gewysig mag word nie.”

4. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 5 van Wet 79 van 1965.

“(2) Elke verslag ingevolge hierdie artikel aan die Administrateur-generaal verstrekk, moet in die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika so gou doenlik na ontvangs daarvan ter tafel gelê word.”

5. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) na die woord “Welsynsraad” die woorde “van Suidwes-Afrika” in te voeg.

Wysiging van artikel 6 van Wet 79 van 1965.

6. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 7 van Wet 79 van 1965.

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die Administrateur-generaal stel —

- (a) 'n kommissie vir welsynsorganisasies; en

- (b) 'n kommissie vir maatskaplike werk,

en die ander kommissies in wat hy goedvind om die werksaamhede te verrig wat ingevolge hierdie Wet aan 'n kommissie opgedra word.”;

- (b) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Van die gewone lede moet —

- (i) minstens een 'n lid van die raad wees;

- (ii) minstens drie persone wees wat ingevolge artikel 33 geregistreer is van wie minstens twee persone moet wees wat maatskaplike werk doen.”; en

Act No. 12, 1979

**NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979**

- (c) by the deletion in the proviso to subsection (5) of the words "or, in the case of the first such commission, is in the opinion of the Minister capable of being so registered".

Substitution of section 10  
of Act 79 of 1965.

7. The following section is hereby substituted for section 10 of the principal Act:

"Establishment of  
welfare commit-  
tees.

10. (1) The Administrator-General shall establish a welfare committee for every population group in the territory which in relation to welfare matters in his opinion is to be represented by any such committee to perform in relation to members of any such population group the functions assigned to a welfare committee in terms of this Act.

(2) A welfare committee shall consist of not more than seven members appointed by the Administrator-General.

(3) The chairman of a welfare committee shall be elected by that committee from among its members."

Amendment of section 12  
of Act 79 of 1965.

8. Section 12 of the principal Act is hereby amended —

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) The functions of a welfare committee shall be, in relation to the population group for which it has been established —

- (a) to exercise the powers and perform the duties which may be delegated to it by the board or which are required to be exercised or performed under this Act;
- (b) to make recommendations to the board or a commission in regard to matters which the board or such commission may refer to it or in regard to which it may consider it necessary to make recommendations;
- (c) to advise the board or a commission in connection with —
- (i) family life and welfare planning; and
- (ii) all matters relating to social welfare;
- (d) to promote the planning and co-operation of social welfare services; and



**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**      **Wet No. 12, 1979**

- (c) deur in die voorbehoudsbepaling by subartikel (5) die woorde "of, in die geval van die eerste sodanige kommissie, volgens die Minister se oordeel aldus geregistreer sou kon word" te skrap.

7. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 10 van Wet 79 van 1965.

"Instelling van welsynskomitees.

10. (1) Die Administrateur-generaal stel 'n welsynskomitee in vir elke bevolkingsgroep in die gebied wat na sy mening met betrekking tot welsynsaangeleenthede deur so 'n komitee verteenwoordig moet word, om met betrekking tot lede van so 'n bevolkingsgroep die werksaamhede te verrig wat ingevolge hierdie Wet aan 'n welsynskomitee opgedra word.

(2) 'n Welsynskomitee bestaan uit hoogstens sewe lede wat deur die Administrateur-generaal aangestel word.

(3) Die voorsitter van 'n welsynskomitee word deur dié komitee uit sy lede gekies.

8. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 12 van Wet 79 van 1965.

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Die werksaamhede van 'n welsynskomitee is om, met betrekking tot die bevolkingsgroep waarvoor hy ingestel is —

(a) die bevoegdheid uit te oefen en die pligte te verrig wat deur die raad aan hom gedelegeer word of wat ingevolge hierdie Wet deur hom uitgeoefen of verrig moet word;

(b) aan die raad of 'n kommissie aanbevelings te doen oor aangeleenthede wat die raad of so 'n kommissie na hom verwys of waaromtrent hy dit nodig ag om aanbevelings te doen;

(c) die raad of 'n kommissie van advies te dien in verband met —

(i) die gesinslewe en welsynsbeplanning; en

(ii) alle aangeleenthede met betrekking tot maatskaplike welsyn;

(d) die beplanning en koördinering van maatskaplike welsynsdienste te bevorder; en

## Act No. 12, 1979 NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979

(e) to provide guidance and information to welfare organizations.”; and

(b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (3) of the following paragraph:

“(a) A welfare committee may appoint an executive committee consisting of the chairman of the welfare committee concerned and two other members of such committee, and may in respect of each of such other members designate a member of such committee as an alternate member.”.

Amendment of section 13 of Act 79 of 1965, as amended by section 1 of Act 44 of 1976.

9. Section 13 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (1A).

Amendment of section 14 of Act 79 of 1965.

10. Section 14 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words “Minister in consultation with the Minister of Finance” of the word “Administrator-General”; and

(b) by the substitution in subsection (2) for the words “Minister in consultation with the Minister of Finance out of moneys appropriated by Parliament” of the words “Administrator-General out of moneys appropriated by law”.

Repeal of section 15 of Act 79 of 1965, as amended by section 2 of Act 44 of 1976.

11. Section 15 of the principal Act is hereby repealed.

Amendment of section 16 of Act 79 of 1965, as amended by section 2 of Act 13 of 1971.

12. Section 16 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1) of the words “in the case of the territory”; and

(b) by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 18 of Act 79 of 1965.

13. Section 18 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for the words “regional welfare board concerned” of the word “board”; and

(b) by the deletion in the said subsection (1) of the words “within the area for which such officer has been designated or any part thereof”;

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979** Wet No. 12, 1979

(e) aan welsynsorganisasies leiding te gee en inligting te verskaf.”; en

(b) deur paragraaf (a) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) ’n Welsynskomitee kan ’n uitvoerende komitee aanstel wat bestaan uit die voorsitter van die betrokke welsynskomitee en twee ander lede daarvan en kan vir elk van dié ander lede ’n lid van bedoelde komitee as plaasvervangende lid aanwys.”.

9. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1A) te skrap.

Wysiging van artikel 13 van Wet 79 van 1965, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 44 van 1976.

10. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 14 van Wet 79 van 1965.

(a) deur in subartikel (1) die woorde “Minister in oorleg met die Minister van Finansies” deur die woord “Administrateur-generaal” te vervang; en

(b) deur in subartikel (2) die woorde “Minister in oorleg met die Minister van Finansies betaal uit gelde wat die Parlement vir dié doel bewillig het” deur die woorde “Administrateur-generaal betaal uit gelde wat by wet vir die doel bewillig is” te vervang.

11. Artikel 15 van die Hoofwet word hierby herroep.

Herroeping van artikel 15 van Wet 79 van 1965, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 44 van 1976.

12. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 16 van Wet 79 van 1965, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 13 van 1971.

(a) deur in subartikel (1) die woorde “in die geval van die gebied” te skrap; en

(b) deur subartikel (2) te skrap.

13. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 18 van Wet 79 van 1965.

(a) deur in subartikel (1) die woorde “betrokke streek-welsynsraad” deur die woord “raad” te vervang;

(b) deur in genoemde subartikel (1) die woorde “binne die gebied waarvoor bedoelde beampte aangewys is, of enige gedeelte daarvan,” te skrap;

## Act No. 12, 1979

## NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979

(c) by the substitution in paragraph (a) of subsection (3) for the words "regional welfare board" of the word "board"; and

(d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The officer referred to in subsection (1) shall without delay advise the board of the grant or withdrawal and, in the case of a withdrawal also of the reasons for such withdrawal, of any authority referred to in this section."

Amendment of section 19 of Act 79 of 1965, as amended by section 4 of Act 13 of 1971.

14. Section 19 of the principal Act is hereby amended —

(a) by the substitution in paragraph (a) of subsection (1) for the words "regional welfare board for the area in which such organization carries on or proposes to carry on its activities" of the word "board";

(b) by the substitution for paragraph (b) of the said subsection (1) of the following paragraph:

"(b) The board shall, after the requirements prescribed in subsection (2) have been complied with, cause any such application to be investigated by the chief social welfare officer;"

(c) by the deletion in paragraph (b) of subsection (2) of the words "or the regional welfare board concerned";

(d) by the deletion in subsection (3) of the words "or the regional welfare board"; and

(e) by the substitution in paragraph (a) of subsection (5) for the words "the law society of the province or the territory in which the organization operates or proposes to operate in furtherance of that object" of the words "The Law Society of South West Africa" and the words "such law society" of the words "the said Law Society".

Amendment of section 21 of Act 79 of 1965.

15. Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"(1) The board may, after a report has been obtained from the chief social welfare officer and, in the case of a welfare organization referred to in paragraph (a) of subsection (5) of section 19, after consultation with The Law Society of South West Africa, cancel the registration certificate of a welfare organization —"

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**

Wet No. 12, 1979

(c) deur in paragraaf (a) van subartikel (3) die woord "streekswelsynraad" deur die woord "raad" te vervang; en

(d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

" (4) Die in subartikel (1) bedoelde beampte moet die raad onverwyld in kennis stel van die verlening of intrekking en, in die geval van intrekking, ook van die redes vir die intrekking, van 'n magtiging in hierdie artikel bedoel."

14. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig —

Wysiging van artikel 19 van Wet 79 van 1965, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 13 van 1971.

(a) deur in paragraaf (a) van subartikel (1) die woorde "streekswelsynsraad van die gebied waarin die organisasie sy bedrywigheede voortsit of voornemens is om dit voort te sit" deur die woord "raad" te vervang;

(b) deur paragraaf (b) van genoemde subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Die raad moet so 'n aansoek, nadat aan die in subartikel (2) genoemde vereistes voldoen is, deur die hoofvolkswelsynbeampte laat ondersoek."

(c) deur in paragraaf (b) van subartikel (2) die woorde "of die betrokke streekswelsynsraad" te skrap;

(d) deur in subartikel (3) die woorde "of die streekswelsynsraad" te skrap; en

(e) deur in paragraaf (a) van subartikel (5) die woorde "die prokureursorde vir die provinsie of die gebied waarin die organisasie funksioneer of voornemens is om te funksioneer ter verwesenliking van daardie doelstelling" deur die woorde "Die Prokureursorde van Suidwes-Afrika" en die woorde "dié prokureursorde" deur die woorde "genoemde Prokureursorde" te vervang.

15. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van artikel 21 van Wet 79 van 1965.

" (1) Die raad kan, nadat 'n verslag van die hoofvolkswelsynbeampte verkry is en, in die geval van 'n in paragraaf (a) van subartikel (5) van artikel 19 bedoelde welsynsorganisasie, na oorlegpleging met Die Prokureursorde van Suidwes-Afrika, die registrasiesertifikaat van 'n welsynsorganisasie intrek —".

## Act No. 12, 1979

## NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979

Amendment of section 22  
of Act 79 of 1965.

## 16. Section 22 of the principal Act is hereby amended —

(a) by the substitution in paragraph (a) of subsection (2) for the words “regional welfare board for the area in which the welfare organization is conducted” of the word “board”;

(b) by the substitution for paragraph (b) of the said subsection (2) of the following paragraph:

“(b) The board shall, after the requirements specified in subsection (3) have been complied with, cause the application to be investigated by the chief social welfare officer.”; and

(c) by the deletion in paragraph (b) of subsection (3) of the words “or the regional welfare board concerned”.

Amendment of section 25  
of Act 79 of 1965.

## 17. Section 25 of the principal Act is hereby amended —

(a) by the substitution in paragraph (a) of subsection (1) for the words “the law society concerned” of the words “The Law Society of South West Africa”; and

(b) by the substitution in subsection (6) for the words “Minister in consultation with the Minister of Finance” of the word “Administrator-General”.

Amendment of section 26  
of Act 79 of 1965.

## 18. Section 26 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following paragraph:

“(b) The reports and returns referred to in paragraph (a) shall be furnished to the board and the board shall deal therewith in such manner as may be prescribed.”.

Amendment of section 30  
of Act 79 of 1965, as  
amended by section 20 of  
Act 102 of 1967.

## 19. Section 30 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words “regional welfare board for the area in which any welfare organization carries on its activities” of the word “board”.

Amendment of section 32  
of Act 79 of 1965.

## 20. Section 32 of the principal Act is hereby amended by the deletion of the words “after consultation with the regional welfare board for the area in which the organization carried on its activities”.

Amendment of section 39  
of Act 79 of 1965.

## 21. Section 39 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words “Minister may, in consultation with the Minister of Finance, out of moneys appropriated by Parliament” of the words “Administrator-General may out of moneys appropriated by law”.

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**      **Wet No. 12, 1979**

16. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig — Wysiging van artikel 22 van Wet 79 van 1965.

(a) deur in paragraaf (a) van subartikel (2) die woorde “streekwelsynsraad van die gebied waarin die welsynsorganisasie funksioneer” deur die woord “raad” te vervang;

(b) deur paragraaf (b) van genoemde subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) Die raad moet so ’n aansoek, nadat aan die in subartikel (3) genoemde vereistes voldoen is, deur die hoofvolkswelsynbeampte laat ondersoek.”; en

(c) deur in paragraaf (b) van subartikel (3) die woorde “of die betrokke streekwelsynsraad” te skrap.

17. Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig — Wysiging van artikel 25 van Wet 79 van 1965.

(a) deur in paragraaf (a) van subartikel (1) die woorde “die betrokke prokureursorde” deur die woorde “Die Prokureursorde van Suidwes-Afrika” te vervang; en

(b) deur in subartikel (6) die woorde “Minister in oorleg met die Minister van Finansies” deur die woord “Administrateur-generaal” te vervang.

18. Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 26 van Wet 79 van 1965.

“(b) Die in paragraaf (a) bedoelde verslae en opgawes word verstrek aan die raad en die raad moet op die voorgeskrewe wyse daarmee handel.”.

19. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde “streekwelsynsraad van die gebied waarin ’n welsynsorganisasie funksioneer” deur die woord “raad” te vervang. Wysiging van artikel 30 van Wet 79 van 1965, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 102 van 1967.

20. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “na oorlegpleging met die streekwelsynsraad van die gebied waarin die organisasie gefunksioneer het” te skrap. Wysiging van artikel 32 van Wet 79 van 1965.

21. Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde “Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies uit gelde deur die Parlement” deur die woorde “Administrateur-generaal kan uit gelde by wet” te vervang. Wysiging van artikel 39 van Wet 79 van 1965.

## Act No. 12, 1979 NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979

Amendment of section 40 of Act 79 of 1965.

22. Section 40 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the deletion of paragraph (c) of subsection (1); and
- (b) by the substitution in subsection (4) for the words “Minister in consultation with the Minister of Finance” of the word “Administrator-General”.

Amendment of section 42 of Act 79 of 1965.

23. Section 42 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in paragraph (h) of subsection (1) for the words “regional welfare boards”, wherever they occur, of the words “welfare committees”; and
- (b) by the deletion of subsection (4).

Amendment of section 43A of Act 79 of 1965, as inserted by section 5 of Act 13 of 1971.

24. Section 43A of the principal Act is hereby amended by the deletion of the word “also”.

Substitution of certain words in Act 79 of 1965 and the regulations made thereunder.

25. The principal Act and the regulations made thereunder is hereby amended—

- (a) by the substitution for the word “Minister”, wherever it occurs, of the word “Administrator-General”;
- (b) by the substitution for the words “regional welfare board”, wherever they occur, of the words “welfare committees”; and
- (c) by the substitution for the word “Gazette”, wherever it occurs, except in section 44, of the words “Official Gazette”.

Substitution of long title of Act 79 of 1965.

26. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

“ To establish a National Welfare Board of South West Africa; and to provide for the establishment of certain commissions and welfare committees and to define their functions, and to provide for the registration and control of certain welfare organizations and of social workers, for the control of the collection of contributions towards the funds of such organizations and of certain institutions and of the collection of funds in certain circumstances otherwise than by registered welfare organizations for particular purposes, and for incidental matters.”



**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**    **Wet No. 12, 1979**

22. Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig — Wysiging van artikel 40 van Wet 79 van 1965.

- (a) deur paragraaf (c) van subartikel (1) te skrap; en
- (b) deur in subartikel (4) die woorde “Minister in oorleg met die Minister van Finansies” deur die woord “Administrateur-generaal” te vervang.

23. Artikel 42 van die Hoofwet word hierby gewysig — Wysiging van artikel 42 van Wet 79 van 1965.

- (a) deur in paragraaf (h) van subartikel (1) die woord “streekwelsynsrade”, oral waar dit voorkom, deur die woord “welsynskomitees” te vervang; en
- (b) deur subartikel (4) te skrap.

24. Artikel 43A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord “ook” te skrap. Wysiging van artikel 43A van Wet 79 van 1965, soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 13 van 1971.

25. Die Hoofwet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig word hierby gewysig — Vervanging van sekere woorde in Wet 79 van 1965 en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.

- (a) deur die woord “Minister”, oral waar dit voorkom, deur die woord “Administrateur-generaal” te vervang;
- (b) deur die woord “streekwelsynsraad”, oral waar dit voorkom, deur die woord “welsynskomitee” te vervang; en
- (c) deur die woord “*Staatskoerant*”, oral waar dit voorkom, behalwe in artikel 44, deur die woorde “*Offisiële Koerant*” te vervang.

26. Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang: Vervanging van lang titel van Wet 79 van 1965.

“ Om ’n Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika in te stel; en om voorsiening te maak vir die instelling van sekere kommissies en welsynskomitees en om hul werksaamhede te omskryf, en om voorsiening te maak vir die registrasie en beheer van sekere welsynsorganisasies en van maatskaplike werkers, vir die beheer van die insameling van bydraes tot die fondse van sodanige organisasies en van sekere inrigtings en van die insameling van fondse onder sekere omstandighede andersins as deur geregistreerde welsynsorganisasies vir bepaalde doeleindes, en vir bykomstige aangeleenthede.”

**Act No. 12, 1979 NATIONAL WELFARE AMENDMENT ACT, 1979**

Savings.

27. (1) Subject to the provisions of subsection (2), anything done before the coming into operation of this Act under a provision of the principal Act, shall, except in so far as it is obviously inappropriate, be deemed to have been done under that provision as amended by any provision of this Act.

(2) Every person who immediately before the coming into operation of this Act was registered as a social worker and who is resident in the territory of South West Africa at such coming into operation, shall be deemed to have been registered as a social worker in terms of the principal Act as amended by any provision of this Act.

(3) Notwithstanding the provisions of section 2 of the principal Act as amended by this Act and until such time as the National Welfare Board of South West Africa is constituted in terms of that section, the said Board shall consist of the persons who were members immediately before the coming into operation of this Act of the regional welfare board which was established for the territory of South West Africa in terms of section 10 of the principal Act.

(4) The person who immediately before the coming into operation of this Act was the chairman of the regional welfare board referred to in subsection (3), shall, subject to the provisions of that subsection and subsection (4), be deemed to have been designated as chairman of the National Welfare Board of South West Africa under section 2(3) of the principal Act.

(5) If any person referred to in subsection (3) vacates his office as member of the National Welfare Board of South West Africa as constituted in terms of that subsection, before the said Board is constituted in terms of section 2 of the principal Act, the said Board, as constituted in terms of that subsection, shall consist of the remaining persons so referred to.

Short title and commencement.

28. This Act shall be called the National Welfare Amendment Act, 1979, and shall be deemed to have come into operation on 1 September 1979.

**WYSIGINGSWET OP NASIONALE WELSYN, 1979**      **Wet No. 12, 1979**

27. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word enigiets wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens 'n bepaling van die Hoofwet gedoen is, behalwe vir sover dit klaarblyklik onvanpas is, geag kragtens daardie bepaling, soos deur die een of ander bepaling van hierdie Wet gewysig, gedoen te wees.

Voorbehoud.

(2) Elke persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die Hoofwet as 'n maatskaplike werker geregistreer en by sodanige inwerkingtreding in die gebied Suidwes-Afrika woonagtig is, word geag ingevolge die Hoofwet, soos deur die een of ander bepaling van hierdie Wet gewysig, as 'n maatskaplike werker geregistreer te wees.

(3) Ondanks die bepalings van artikel 2 van die Hoofwet, soos deur hierdie Wet gewysig, en tot tyd en wyl die Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika ingevolge daardie artikel saamgestel is, bestaan genoemde Raad uit die persone wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet lede was van die streekwelsynsraad wat ingevolge artikel 10 van die Hoofwet vir die gebied Suidwes-Afrika ingestel was.

(4) Die persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet die voorsitter was van die streekwelsynsraad in subartikel (3) bedoel, word, behoudens die bepalings van daardie subartikel en subartikel (4), geag kragtens artikel 2(3) van die Hoofwet as voorsitter van die Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika aangewys te wees.

(5) Indien 'n persoon in subartikel (3) bedoel sy amp as lid van die Nasionale Welsynsraad van Suidwes-Afrika soos ingevolge daardie subartikel saamgestel, ontruim voordat genoemde Raad ingevolge artikel 2 van die Hoofwet saamgestel is, bestaan genoemde Raad, soos ingevolge daardie subartikel saamgestel, uit die oorblywende aldus bedoelde persone.

28. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Welsyn, 1979, en word geag op 1 September 1979 in werking te getree het.

Kort titel en inwerkingtreding.